ELDIE nuus news
ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE
Augustus 2023

## NASIONALE VROUEDAG 9 Augustus 2023

Noudat my belangrike beroep en uitmergelende ure agter die rug is,en my kinders reeds uit die huis en selfversorgend is, kan ek aandag gee aan **myself**. As jy net een ding omtrent jouself kon verander, wat sou dit wees? Sou jy onmiddellik 20kg wil verloor?  Sou jy tevrede met jou lewe en besittings wees-ipv jaloers op wat ander het? Jou stryd met depressie wen? Die horlosie terugdraai?  Nie beheer word deur bekommernisse oor jou laaste paar jare nie.?

Noudat ek uit my veilige jarelange woonplek moes wegtrek en by 'n verre aftreeoord ingetrek het op aandrang van die kinders, moes ek moontlik ook my lewenslange vriendskappe opoffer.( Mens kuier net nie so lekker met Skype, of Whatsapp of "video calls" nie- dis maar droewig sonder my vriendinne 'n armlengte van my af!)

Wat maak ek nou? Ek sit verseker nie net en wag om dood te gaan nie! Ek staan soggens op met 'n lied in my hart omdat ek nog lewe en Godsgawes kan aanskou (al is die wysie soms effe vals..)
Ek werk (of vroetel) nog in die tuin (al beweeg ek met 'n loopraam of het 'n kierie nodig om weer regop te kom en moet ek die Deep Heat vanaand weer mildelik aansmeer..)
Ek ervaar die kragonderbrekings as 'n geleentheid om my rakke vol boeke te lees (al is dit 'n gesukkel met 'n flouer lig)

Vrou, wees meer positief. Sit in die son vir Vitamine D (gelukkig is die winter aan die verbygaan..) Woon byeenkomste by (oefengroep, bingo, bybelstudie, kerkdienste; woon etes in die eetsaal by; stap net om die blok) Erens tussen 650 inwoners sal jy ten minste 2 mense kry by wie jy aanklank vind en met wie jy nuwe vriendskappe  kan smee.
Lig  jou gesig na die son en begin net lewe! Daar is nie meer tyd om te mors nie. Leef elke dag! Leef nou!

## INSPIRASIE: HY LOS DIE LIGTE AAN

"Ons los die ligte aan vir jou." Dit was 'n normale opmerking in my ouerhuis. My pa en ma het dit vir my gesệ as ek in die aand uitgegaan het.
Later het ek en my vrou dit spontaan vir ons kinders gesệ en dit ook gedoen. Sy sệ dit nou nog vir my as ek in die aand iewers moet gaan praat. Juis toe ek nou die aand tuis kom en die voordeur se lig sien brand, tref die waarde van hierdie doodgewone woorde my opnuut: "Ek los die ligte aan vir jou."
In een sin sệ dit alles waaroor liefde en deernis vir mekaar gaan. Toe dink ek by myself dit is wat die Here ook doen vir ons. Hy het die ligte lankal aangeskakel.
Hy laat nie een van sy kinders in die donker verdwaal nie. Hy sal dit aanlos totdat ons eendag veilig tuis kom daar by Hom. Ons sal nooit voor dooiemansdeur opdaag nie. Ons is op pad huis toe. Die Here los altyd die ligte vir ons aan. (Stephan Joubert)

## WAT BETEKEN STAAN SAAM VIR JOU?

Vir mỳ beteken staan saam:
OM IN ELDORAIGNE AFTREELANDGOED TE WOON..
Mense wat liefde en deernis vryelik uitdeel. Ons mense weet van omgee, helpende hand uitreik, empatie, liefde en respek met mekaar te deel.

Die waterkrisis het weereens aan my bewys hoe 'n geseënde en gebonde gemeenskap ons is. Ons inwoners het onbaatsugtig water aangery vir mense wat dit nie self kon doen nie….drinkwater gratis aan bure en inwoners aangebied en afgelewer.
Ons landgoedbestuurder en sy span het dadelik ingespring en voorsiening gemaak vir drinkwater aan almal op die landgoed.
Baie dankie aan ALMAL wat 'n bydrae gelewer het.

Ek wil afsluit deur Paulus aan te haal in Filippense 2:1-2
"Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing, maak dan nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees"
EEN IN LIEFDE, EEN VAN HART, EEN IN STREWE.
Groete, Wilma vd Berg (Voorsitter HEV)

# KERMIS 2023

Op **Saterdag 9 September van 09h00-13h00** hou Eldoraigne Aftreelandgoed weer kermis, na 'n droogte van 3 jaar! Maak seker jy is daardie naweek hier en bring sommer jou hele familie en aangetroude familie saam (en hulle vriende!) Die feestelikheid sal weer plaasvind in die braai-area, onder die motorafdakke langs die saal, in die saal en eetsaal en in die sitkamer.

Daar sal meer as 50 tafels beskikbaar wees met 'n verskeidenheid van ware wat aangebied word deur uitstallers/ verkopers en wat te koop sal wees.
Eetgoed soos Kerrie-en-rys, heerlike poedings, 'n gebak-tafel, jaffles, pannekoek, die teetuin, roomys en vele ander lekker eetgoed. Kom koop gerus en maak jou yskas vol vir die komende weke.

Sekerlik gaan daar ook weer allerlei pragtige ander koopgoed wees, soos Cora se lampe, 'n huis-en-tuinstalletjie, wit olifanttafel ens. Inwoners word uitgenooi om houtspeelgoed te maak wat Oupa en Ouma vir die kleinkinders kan koop.

Inwoners word uitgenooi om 'n tafel of afdak te bespreek en te betaal by **ontvangs** teen R100 per tafel sonder elektrisiteit en R150 met elektrisiteit (slegs enkele beskikbaar)

Ons gaan die plek op horings neem, musiek maak, kuier, nuwe intrekkers leer ken en sommer net saam fees vier.
Navrae by Johan du Preez (3192) of Ontvangs.

## FETE 2023

Yes we are going to go big with our 2023 Fete. Make note of the date: 9 September from 09h00 t0 13h00. Fifty tables will be available for exhibitors/sellers of products and foodies.
Invite the kids, grandkids, other family and friends to join in the day's festivities.
Tables for exhibitors can be booked and paid for at Reception at R100 per table without electricity and R150 for a table with electricity.

## ELDOGROEP

Hierdie Elektroniese Gespreksgroep(Whatsapp) in die Landgoed is in Junie 2017 in die lewe geroep en hier volg 'n samevatting van die reëls:

**1.Doel: om sinvol te kommunikeer**, hulp te soek en hulp aan te bied bv:
a.Ek gaan fliek by Mall@Reds/Dischem/Clicks. Wil iemand saamry?
b.Ek sukkel met my nuwe Samsung. Kan iemand my asb wys?
c.My rekenaar/selfoon/tv/kar wil nie werk nie. Help asb
d.Ek het 'n midweek vakansie/stoel/blompot wat ek nie kan benut nie. Stel iemand belang?
e.Ek het koekies/avokados/perskes te koop. Stel iemand belang?
f.Die elektrisiteit is af. Ons weet daarvan en die munisipaliteit werk daaraan.

2.**Wat word nie gedoen/gevra/geplaas nie:**
h.Rassistiese en politieke boodskappe en stories.
i.Advertensies vir verkope in die saal, bv rokke, skoene,skilderye ens. maw kommersiële advertensies.
j.Beledigings/lelike aanmerkings/vernederings
k.Vloekwoorde/seksstories/pornografie
l.**Godsdienstige boodskappies, versies,teksies, sedepreke, motiveringspraatjies, ens.**
**m. Sinnelose boodskappies soos lekker Moedersdag of Vadersdag of Kersfees of iets soortgelyk. Lekker daggie! Lekker slapies!**
n.Plasing van fopnuus berigte en sameweringsteorieë.
o**.Geen foto's of videos.**
**p.Boodskappe na 20h00 en voor 06h00-die mense slaap dan.**

3.Deelnemers wat herhaaldelik oortree sal afgesny/ontkoppel word.
4.Ons versoek inwoners dringend om by hierdie voorwaardes te hou.
**Hierdie is nie 'n Sosiale kletsgroep nie**

Vir deelname kontak Eddie Otte by 3034 of 081 042 0299

## ELDOGROUP (Whatsapp)

This electronic whatsapp group was started in June 2017 for the benefit of residents and is not a social group. The following rules will apply:

1.**Purpose**: to communicate about relevant urgent matters; to seek advice and to assist each other with technical problems.
-I am going to Mall@Redds/Dischem/Clicks. Need a lift?
-I have problems with my new Samsung. Can someone assist me?
-My laptop/cellphone/car won't start. Please help.
-I have a midweek holiday at Dikhololo available. Someone interested?
-I have biscuits/avos/peaches for sale. Someone interested?
-The electricity is off. Management/Municipality is attending to it

2.**What is not allowed**
-The placement of racist/political messages and stories
-Advertisements for sales in the hall of dresses/shoes etc
-Insulting or nasty comments.
-Pornography, cursing
-Religious messages, texts or motivational messages.
-**Senseless messages like Happy any day, or Good morning, or Sleep well**
-Placement of fake news and hoaxes
-**NO photos or videos**
-**NO messages after 20h00 or before 06h00**

3.Participants who are not abiding by the rules, will be deleted.
4.Residents are urgently requested to abide by these rules.

**THIS IS NOT A SOCIAL CHAT GROUP**

**To participate contact Eddie Otte at 3034**

## BESPREKINGSGROEP

Die afgelope jare het die Besprekingsgroep elke tweede Dinsdag van die maand 'n interessante praatjie in die saal aangebied, wat deur heelwat inwoners bygewoon is. Verskeie kenners het hulle kennis gedeel en 'n wye reeks onderwerpe is gedek.
Hiermee wil ons vir Cora Marais en die span bedank wat dit telkens gereël het. Verskeie inwoners het ook hulle bedanking daaroor uitgespreek.

Inwoners word nou versoek om ook hulle insette te lewer en die organiseerders in kennis te stel indien hulle weet van 'n ander inwoner wat 'n spesifieke belangstelling het of 'n kundige is op 'n gebied wat hulle met die inwoners kan deel.

Kontak Johan du Preez (3192) gerus met inligting, onderwerpe, en name van persone wat aanbiedings kan doen. Cora kan ook nog steeds gekontak word by 3204, of andersins kan u die inligting by Ontvangs inhandig.

## DIT IS 'n KWESSIE VAN TYD!

Tyd word vanselfsprekend aanvaar. Vir ons bestaan 'n dag outomaties uit 24 ure, 'n week uit sewe dae en 1 Januarie is die begin van die nuwe jaar. Maar nie alle kulture maak gebruik van dieselfde "tydsisteme" nie, en selfs sekere wetenskaplikes het hulle eie tydsisteme.

Die besprekingsgroep se aanbieding op Dinsdag 8 Augustus 2023 om 10h00 in die saal, handel juis oor die wondere van die tyd en na die aanbieding is daar geleentheid vir bespreking.

Die aanbieding deur Ken Hall spreek onder andere die volgende vraagstukke aan: Wie maak nie gebruik van 'n 24-ure dag nie? Wat is die oorsprong van die name van die weeksdae en die volgorde daarvan? Wanneer is die "Nuwe Jaar" nou eintlik?

En indien ons nageslagte eendag daarheen emigreer- hoe laat is dit nou eintlik op Mars (indien ek die kinders wil bel?"

## ALL ABOUT FERTILISERS

Many gardeners question why, if they are applying compost regularly to the soil, any further fertilisation is necessary.  Because compost alone will not provide sufficient nutrients for plants to thrive and stay healthy. **Organic** gardeners can supplement the compost during the growing season with light applications of “bird droppings” such as guano, poultry manure or with dressings of organic fertiliser.
**Inorganic** gardeners can supplement compost with the correct chemical fertiliser that contains all three of the essential growth-producing elements N, P or K.

**Nitrogen(N)**-the leaf maker, stimulates growth of the leaves, improves the leaf colour and increases the size of the plants.
**Phosphorus (P)-** the root maker, stimulates early root formation in shrubs and trees, and germination of seeds.
**Potassium (K)-**the flower- and fruit maker, improves the quality of flowers and flavour of fruit and vegetables. Potash is essential to plants for photosynthesis. It should be added to over-wintering plants in autumn such as roses, to make them more frost- or cold-resistant. Potassium deficiency in the soil will show by making plant leaves scorched at the edges.

**Tips for success with fertiliser**:
-Always apply over damp soil and water immediately.
-Sandy, light-textured soils need more frequent fertilising.
-Apply fertilisers high in nitrogen in smaller quantities than more balanced fertilisers.
-More generous amounts of fertiliser can be given to fast growing shrubs, such as hibiscus and hydrangeas.
-Give slow-growing shrubs, such as azaleas, camellias and gardenias small regular applications.
-Apply extra fertiliser after an exceptionally rainy season in order to replace nutrients leached from the soil.
-Overall size of the plant is relevant in determining how much fertiliser to apply and how often. Well established large trees can be given about 5kg of 2:3:2 spread over 4 applications per year.
-Smaller shrubs can be given about 30g (2 table spoons) per month during the growing season.

## Terminating Zimbabwean exemption permits was invalid, unlawful and unconstitutional

On 29 November 2021 the Dept of Home Affairs issued a directive which stated that no further extensions would be granted to Zimbabwean nationals who are holders of a ZEP, confirming the Minister's decision that no further extensions would be granted. This decision was accompanied by an initial grace period of 12 months until 31 December 2022, in which ZEP holders were given an opportunity to legalise their status in South Africa through the mechanisms provided for in terms of the Immigration Act 13 of 2002. After this grace period, additional grace periods were given until 31 December 2023.

Various institutions as well as the Helen Suzman Foundation challenged, in High Court, the Minister's decision not to extend the ZEP's, because he made the decision without providing the ZEP holders, or the South African public with any prior notice or opportunity for consultation. He also did not demonstrate that any attempts were made to assess the impact of his intended decision on ZEP holders-and their children- prior to his decision being made.

Having regard to this, the only conclusion that the court could reach, was that the Minister failed to consider the inevitable impact of his decision on the lives and livelihoods of ZEP holders and their children; that the Minister's decision must be reviewed and set aside; and that the decision amounted to an unjustified limitation of rights, which was unconstitutional and invalid in terms of section 172(1) of the Constitution.

The decision was remitted back to the Minister for reconsideration, pursuant to following a fair process which complies with section 3 and 4 of PAJA. Pending the conclusion of a fair process, the existing ZEPs shall remain valid for the next 12 months, and they may not be arrested, ordered to deport or detained; and they are allowed to enter into and depart South Africa in terms of section 9 of the Act; and they will not be required to produce an exemption certificate or authorisation letter in order to remain in South Africa.

(NEWS24)

## TO COPE WITH LOSS

How do we experience loss in our lives and what can we do to cope with losses such as the loss of a loved one, emigration of our children, loss of support, loss of income, loss of our homes or friends or even loss of our independence?

Experiencing loss is like going through a grief process. Kübler-Ross identified 5 stages of grief: denial, anger, bargaining, depression and acceptance. You have to grief at the time of the loss, or shortly after, or the grief may stay bottled up inside you. This can cause emotional problems or physical illness later on. To assist you with working through your grief-process, this can be addressed by psychotherapy with qualified psychotherapists.

You can also take care of yourself in the process through self-expression:

-Empower yourself and make a choice of what you can control.

-Social support brings down stress levels, so try to do fun activities, leave your house, exercise, join support groups and social groups (like bingo, jukskei, needlework, singing, playing cards…taking your meal in the dining room..)

-Talk: you deserve to express yourself at this difficult time. Talk when you need help and share responsibility with your process. What external resources are available to you? What internal resources are are available inside you?

-Write: start a journal or diary or letter and describe how you feel and "say" the things you never got to say.

-Practise religious activities, meditation or mindfulness exercises.

-Learn a new skill or take up a hobby. Have fun-read a book, listen to uplifting music.

-Take good physical care of yourself by getting enough sleep, eating well, and exercising regularly.

-Take it one step at a time, day by day, and ask for help when necessary.

As Victor Frankl said:" Everything can be taken away, except **your attitude towards a situation**". He also believed that, as human beings, we are primarily motivated by a will to meaning. This will to meaning can assist an elderly person to work through their process of grief or loss.

(Liizl Miller-clinical psychologist)

## NUWE INTREKKERS

U word hartlik verwelkom deur die HEV hier by ons pragtige Landgoed. Alle riglyne en prosedures is vervat in die Leefstylgids. Daar is ook 'n 32-bladsye A5 boekie beskikbaar by blokleiers t.o.v praktiese aangeleenthede wat nie in die huidige Leefstylgids is nie

1025 Marie Ferreira
1140 Delene Erasmus
1316 Salome Brits
1209 Marie Kapp (vanaf 1302
136 Fransie Bisset en Phil
Janneke (vanaf 221

## STERFTE

Die HEV maak met leedwese die sterfte bekend van: Agatha Catherina v Niekerk op 18 Junie 2023

Inwoners, wees dankbaar vir geleende tyd saam met u kinders en kleinkinders en ander familie.

Dink met dankbaarheid aan die herinneringe wat saam bymekaar gemaak is.

## TUINSAKE: BOME

Bome wat deur die ontwikkelaar naby strukture geplant is,skep 'n risiko ten opsigte van versekering en sal verwyder word, deur die HEV, noudat dit te groot groei. (Geute verstop en mure bars)

Trees planted by the developer near structures create an insurance risk and will be removed by the HOA.

## WATERKRISIS

Soos ons reeds hier beleef het in Junie en Julie, kan ons met 'n waterkrisis gekonfronteer word wat dae en soms weke voortduur.
As jy 'n watertenk by jou huis het, sorg dat hy altyd vol water is. Onthou dit reën nie in die winter nie. Woonstelinwoners kan nood-drinkwater in 5-liter bottels in hulle stort hou. Die Landgoed se 5 noodwatertenks kan leegloop en dan? Waar moet die kantoor water vandaan kry om 600 dorstige inwoners te laaf? Die watertenk-waens vanaf Tswane het eers op die 4e dag by die landgoed uitgekom en nḝrens was meer drinkwater te koop nie. BEPLAN SELF OOK vir nood drinkwater!



ECORENERGY™
Sun-Powered Solutions: Go Solar. Go Green.
5KW DEYE Hybrid Inverter
545W JA Solar Panles
5.1 Shoto Lithium Battery
BENEFITS OF SOLAR:
Lower your electricity bills
Reduce your carbon footprint
Get a Solar Tax Rebate
Better for the environment
Add value to your home
Low maintenance
Request a Quote
082 068 5364
www.ecorenergy.co.za
Prices are subject to change based on the specific details of your project.
Please contact our dedicated team to receive a personalised quote and embark on your solar journey with confidence.

Eldoraigne
Retirement Estate

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions




1 bed **Apartments**

FROM **R 7400 p/m**

Stella Cloete
**072 459 2230**




1 bed **Apartments**

FROM **R 995 000**

Ruan Erasmus
**071 481 6199**

*Registered with the PPRA

011 805 6316 www.csi-euf.co.za

---

absolute chilled
**Absolute Solar Solutions**

# R49 000

SRNE



**VERTICAL ALL-IN-ONE BACK-UP SYSTEM**
**1 x 3.5kw Back-up System**
**1 x Built in 5.1kw Lithium Battery**

SUN SYNK®



# R109 000

**5KW STARTER PACKAGE**

**1 x 5kw SunSynk inverter**
**6 x 445W JA Solar Panels**
**1 x 5.12kw Lithium battery**

**Call us TODAY:**
**012 661 6504**
**081 585 7174**
**083 397 6338**

**www.absolute-solar.co.za**
**admin@absolute-solar.co.za**